



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

BYBELKENNISEKSAMEN – 2023

BELYDENDE LIDMATE – VRAESTEL

BESTEK: Ou Testament: Rut 1-4 | Nuwe Testament: Johannes 1-3, Romeine 8
Belydenisskrifte: Heidelbergse Kategismus (HK) v/a 53-68

AFDELING A – RUT 1-4

VRAAG 1: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 1.1 Eliméleg en sy twee seuns was _____ uit Betlehem-Juda. (Rut 1:2)
a) Moabiete b) Gadiete c) Efratiete d) Leviete
- 1.2 Naómi het aan haar skoondogters gesê om om te draai, elkeen na _____. (Rut 1:8)
a) hul mans toe b) die huis van haar moeder
c) die grafte van hul vaders d) 'n beter lewe
- 1.3 Naómi en Rut kom _____ in Betlehem aan. (Rut 1:22)
a) in die somer b) ná drie dae c) in rustiger tye d) in die begin van die garsoes
- 1.4 Rut het gehoop om are in Boas se land op te tel _____. (Rut 2:2)
a) omdat hy genade aan haar sou bewys b) oor sy goeie oes
c) omdat hy 'n vermoënde man was d) omdat hy haar jammer sou kry
- 1.5 Toe Rut die are wat sy opgetel het, uitslaan, was dit 'n _____ gars, wat ons 'n "efa" noem. (Rut 2:17)
a) inhoudsmaat (36,44 liter) b) vroue se deel c) droë maat d) baie swaar maat
- 1.6 Naómi vra die seën vir Boas, wat sy guns aan _____ nie onttrek het nie. (Rut 2:20)
a) Betlehem b) sy diensmeisies c) sy skoonmoeder d) lewende en dode
- 1.7 Wie was Rut se laaste liefde? (Rut 3:10)
a) Maglon b) 'n ryk jongman c) Eliméleg d) Boas
- 1.8 Die lossers wat eerste aanspraak gehad op die lossingsreg, het belanggestel, maar toe sy mening verander. Wat was die rede hiervoor? (Rut 4:4-5)
a) Rut, die Moabitiese vrou b) 'n swak oes c) sy skoen d) sy vriende
- 1.9 Watter gebruik was die bekragtiging van 'n lossing en ruiltransaksie in Israel? (Rut 4:7)
a) Oorhandig dertig silwer stukke. b) Trek jou skoen uit en gee dit aan die ander.
c) Kry getuies in die stadspoort bymekaar. d) Trek 'n streep op die grond.
- 1.10 Vir Naómi is 'n seun gebore. Hulle noem hom Obed. Hy was die vader van _____, die vader van _____. (Rut 4:17)
a) Salmon, Boas b) Salmon, Ísai c) Ísai, Dawid d) Peres, Dawid

VRAAG 2: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

losser, loon, jongmanne, grysheid, siel, Geseënd, vergelde, eerste, liefde, vleuels

- 2.1 *Mag die HERE jou daad (A) _____, en mag jou (B) _____ volkome wees van die HERE, die God van Israel, onder wie se (C) _____ jy kom skuil het. (Rut 2:12)*
- 2.2 *... brei dan u vleuel oor u dienaars uit, want u is die (D) _____. En hy sê: (E) _____ is jy deur die HERE, dogter! Jy het jou laaste (F) _____ beter gemaak as die (G) _____, omdat jy nie agter (H) _____, arm of ryk, aan geloop het nie. (Rut 3:9-10)*
- 2.3 *Hy sal vir jou een wees wat jou (I) _____ verkwik en jou (J) _____ versorg ... (Rut 4:15)*
-

VRAAG 3: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 3.1 Wanneer Eliméleg, die man van Naómi te sterwe kom, bly net sy en haar twee seuns oor. (Rut 1:3)
- 3.2 Naómi wou teruggaan na haar land, want die HERE het hul grondgebied uitgebrei. (Rut 1:6)
- 3.3 Rut het sterk gevoel om met haar skoonmoeder saam te gaan, want sy het met Naómi se volk en God vereenselwig. (Rut 1:16)
- 3.4 Naómi sê vir die vroue om haar Mara te noem, want die Almagtige het haar bitterheid aangedoen. (Rut 1:20)
- 3.5 Rut het haar vader en moeder en geboorteland verlaat en na 'n volk getrek wat aan haar bekend was. (Rut 2:11)
- 3.6 Wanneer jy by die Here skuil, sal Hy jou na jou dade beloon. (Rut 2:12)
- 3.7 Nadat Boas geëet en gedrink en gaan slaap het, het Rut stilletjies langs hom gaan lê. (Rut 3:7)
- 3.8 Wat Rut gedoen het, was 'n aanvaarbare gebruik en daarom het sy tot daglig bly lê, sodat almal haar kon leer ken. (Rut 3:14)
- 3.9 Boas het mooi hieroor gedink en 'n tyd lank gewag voor hy die saak afgehandel het. (Rut 3:18)
- 3.10 Boas het tien manne uit die oudstes van die stad geneem as getuies. (Rut 4:2)
-

VRAAG 4: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 4.1 Wie sou die lossers van 'n familie uit Israel wees? (Rut 2:1)
- 4.2 Wat was die plig van 'n lossers? (Rut 1:10)
- 4.3 Watter twee redes voer Naómi aan waarom sy nie meer Naómi genoem wil word nie? (Rut 1:21)
- 4.4 Wat was die rede waarom Eliméleg sy eie land verlaat en na 'n vreemde land getrek het? (Rut 1:11)
-

35 Punte

AFDELING B - JOHANNES 1-3

VRAAG 5: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 5.1 *Hy wat ná my kom, het voor my geword, want Hy was _____ as ek. (Joh. 1:15)*
- a) groter b) verhewe c) eerder d) meer

- 5.2 ... die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom _____. (Joh. 1:18)
a) gestuur b) verklaar c) geskape d) laat lewe
- 5.3 Johannes die Doper was die stem van een wat roep in die _____. (Joh. 1:23)
a) wêreld b) sinagoge c) Jordaan d) woestyn
- 5.4 Jesus se eerste dissipels was _____. (Joh. 1:41)
a) Andréas en Simon b) Petrus en Filippus
c) Simon en die seun van Jona d) Andréas en Filippus
- 5.5 Filippus, Andréas en Petrus was afkomstig afkomstig van _____. (Joh. 1:45)
a) Betánië b) Jerusalem c) Kapernaüm d) Betsáida
- 5.6 Jesus openbaar _____ aan sy dissipels met sy eerste wonderteken? (Joh. 2:11)
a) wyn b) dat mense vrolik is c) sy heerlijkheid d) die gebruike van die Jode
- 5.7 Iemand wat die koninkryk van God wil ingaan, moet weer gebore word _____. (Joh. 3:5)
a) uit water en Gees b) uit sy moeder c) op 25 Desember d) uit die Joodse volk
- 5.8 Wat die vlees bedink, is vyandskap teen God, want dit onderwerp hom nie aan die _____. (Rom. 8:7)
a) reinigingswette b) wet van God c) owerhede d) Gees
- 5.9 *Want julle het nie ontvang 'n gees van _____ om weer te vrees nie ...* (Rom. 8:15)
a) die duiwel b) die wêreld c) sondaars d) slawerny
- 5.10 *Want die skepping is aan _____ onderworpe ... ter wille van Hom wat dit onderwerp het.* (Rom. 8:20)
a) evolusie b) ontwikkeling c) die nietigheid d) oorloë

VRAAG 6: VOLTOOI DIE VOLGENDE VERSE.

VUL DIE ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

- 6.1 *As Ek julle van die aardse dinge (A) _____ en julle glo nie, hoe sal julle (B) _____ as Ek julle van die (C) _____ vertel?* (Joh. 3:12)
- 6.2 *En net so kom ook die (D) _____ ons (E) _____ te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet (F) _____ nie, maar die Gees self tree vir ons in met (G) _____ sugtinge.* (Rom. 8:26)
- 6.3 *En ons weet dat vir hulle wat God (H) _____, alles ten (I) _____ meewerk, vir hulle wat na sy (J) _____ geroep is.* (Rom. 8:28)

VRAAG 7: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 7.1 Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die liefde het deur Jesus Christus gekom. (Joh. 1:17)
- 7.2 *Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.* (Rom. 8:2)
- 7.3 Daar was volgens die huweliksgebruike van die Jode ses klipkanne op die bruilof in Kana. (Joh. 2:6)

- 7.4 Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, met die sonde afgereken. (Rom. 8:3)
- 7.5 Die lyding van die teenswoordige tyd is die heerlikheid wat aan ons openbaar sal word. (Rom. 8:19)
- 7.6 Johannes die Doper het met water gedoop, want hy het Jesus geken vir wie Hy was. (Joh. 1:31)
- 7.7 Simon was die seun van Jona. Jesus noem hom Céfas. (Joh. 1:43)
- 7.8 Natánael se belydenis was: *Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!* (Joh. 1:50)
- 7.9 Nikodémus was 'n Sadduseër en 'n owerste van die Jode. (Joh. 3:1)
- 7.10 *Johannes antwoord en sê: 'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.* (Joh. 3:27)

VRAAG 8: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 8.1 Noem die vyf vrae wat Paulus pertinent in sy oorwinningslied vra deur die sinsnedes te voltooi.
Wat sal ons dan ...? (Rom. 8:31; 4 woorde)
As God vir ons is, ...? (Rom. 8:31; 5 woorde)
Wie sal beskuldiging inbring ...? (Rom. 8:33; 5 woorde)
Wie is dit ...? (Rom. 8:34; 2 woorde)
Wie sal ons skei ...? (Rom. 8:35; 5 woorde)

35 Punte

AFDELING C – HK V/A 53-68

VRAAG 9: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS. MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 9.1 Vraag en antwoord 53-64 handel onder andere oor God, die Heilige Gees en ons saligmaking.
- 9.2 Elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van ander aan te wend. (v/a 55)
- 9.3 God skenk my uit genade die geregtigheid van Christus. (v/a 56)
- 9.4 Die seun van God vergader uit Israel vir Hom 'n heilige, algemene Christelike kerk. (v/a 54)
- 9.5 Ek kan nou reeds troos en ewige vreugde put uit die artikel van die ewige lewe. (v/a 58)
- 9.6 My goeie werke regverdig my voor God en maak my 'n erfgenaam van die ewige lewe. (v/a 59)
- 9.7 Die geregtigheid voor die strafgerig van God moet in alle opsigte gelykvormig wees aan die liefde van God. (v/a 62)
- 9.8 Alhoewel ons goeie werke niks verdien nie, wil God dit tog in hierdie lewe beloon. (v/a 63)
- 9.9 Die enige offerhande van Christus skenk ons vergewing van sondes en 'n aardse lewe. (v/a 66)
- 9.10 Die Woord en sakramente is al twee daarvoor bedoel om ons geloof op die kruisdood van Christus, as die enigste grond van ons saligheid, te wys. (v/a 67)

VRAAG 10: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

vlees, gelykvormig, ware geloof, siel, belofte, verheerlikte, verseker, opgewek, verdienste, dankbaarheid

- 10.1 Dat nie alleen my (A) _____ dadelik opgeneem sal word nie, maar ook hierdie (B) _____ van my, deur die krag van Christus (C) _____ weer met my siel verenig, en (D) _____ sal word aan die (E) _____ liggaam van Christus. (v/a 57)
- 10.2 Ek is regverdig voor God alleen deur 'n (F) _____, sonder enige (G) _____ van my kant. (v/a 60)
- 10.3 Iemand wat in Christus deur 'n ware geloof ingeplant is, bring altyd vrugte van (H) _____ voort. (v/a 64)
- 10.4 Sakramente laat ons die (I) _____ van die Evangelie beter verstaan. (v/a 66)
- 10.5 Die Heilige Gees (J) _____ ons van saligheid op grond van Christus se enige offerhande. (v/a 67)
-

VRAAG 11: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 11.1 Waar kom so 'n geloof vandaan wat ons laat deel in Christus en al sy weldade? Noem drie sake. (v/a 65)
- 11.2 As ons goeie werke niks verdien nie, hoekom sal God ons tog wil beloon? (v/a 63)
- 11.3 Deur watter twee komponente kies die Here vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe? (v/a 54)
- 11.4 Watter implikasie het dit vir my geloof dat die Heilige Gees ook aan my gegee is? Noem drie sake. (v/a 53)
- 11.5 Watter heerlike gevolg het dit vir my, dat God op grond van die genoegdoening van Christus, nooit meer aan my sondes of sondige aard wil dink nie? (v/a 56)
- 11.6 Ons is deur die geloof geregtig deurdat alleen die genoegdoening, _____ en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is. (v/a 61)

30 Punte

TOTAAL: 100 PUNTE